

Is weer Sagie.

Jan van Tonder. Kaapstad:
Human & Rousseau, 2013. 191 pp.
ISBN: 978-0-7981-6302-6.

DOI: <http://dx.doi.org/10.4314/tvl.v51i1.22>

Ten spyte van 'n relatiewe klein oeuvre het Jan van Tonder met *Roepman* (2004) sy welverdiende stempel op die Afrikaanse prosa afgedruk: die roman was wyd geloof deur resensente en is ook in 2011 na 'n suksesvolle rolprent verwerk. Na 'n stilte van byna nege jaar keer Van Tonder terug tot die Afrikaanse prosa met die verskyning van *Is weer Sagie* (2013), 'n opvolgroman van *Is Sagie* (1987).

Is Sagie handel oor die 27-jarige Sagrys van Greunen (Sagie) wat minder begunstig na die verstand is. Sagie boer saam met sy pa Barend op die plaas Greundal in die Dwarsrivier-vallei in die Klein-Karoo. Sy hele lewe lank lag meisies vir hom, maar dit verander wanneer hy die 22-jarige Ansie de Wet van die buurplaas Kopland ontmoet. Ansie, anders as al die ander inwoners van Dwarsrivier, kyk verby Sagie se tekortkominge, wat lei tot 'n hegte vriendskapsband wat tot 'n liefdesverhouding ontwikkel. Sagie bely sy liefde teenoor Ansie met die belofte dat hy vir haar 'n huis gaan bou op Greundal. Ansie se pa is gekant teen dié verhouding en besluit om haar uit Dwarsrivier weg te neem. Ten spyte hiervan besluit Sagie tydens die slot van die roman om voort te gaan met die bou van Ansie se huis, en skep Van Tonder, soos tereg opgemerk deur P. G. du Plessis, "een van die mooiste oomblikke in die Afrikaanse prosa".

Is weer Sagie speel vier jaar later af met Sagie wat manalleen steeds besig is om Ansie se huis te bou. Die afgelope vier jaar het hy geen oproep of brief van haar gekry nie, maar sy kinderlike geloof en onskuld oortuig hom daarvan dat sy sal terugkeer sodra daar rook uit die huis se skoorsteen trek. Hierdie onrealistiese verwagtinge van Sagie kwel sy pa al hoe meer, wie se hartprobleme hom met

kommer vul oor die dag dat hy nie meer daar sal wees om vir Sagie teen die werklikheid te beskerm nie. Sodoende begin hy meer verantwoordelikhede aan Sagie toevertrou en gee hom die geleentheid om as volwaardige boer self besluite te neem, om hom in staat te stel om eendag Greundal suksesvol oor te neem.

Vasbeslote om homself aan sy pa en al die boere in die vallei te bewys, ploeg Sagie al sy energie en tyd in Greundal in, en bou elke Saterdag, sowel as 'n uur in die week voor sonsondergang, steeds pligsgetrou aan Ansie se huis. Ansie se halfgeboude huis is ook die plek waarheen Sagie vlug vir sy verbeeldingsvlugte waar hy op kinderlike wyse huis-huis met Ansie in sy gedagtes kan speel. En elke Saterdagoggend vind Sagie die hopen getrapte klei voor Ansie se huis—byna asof iemand hom wil aanmoedig en help om die huis vinniger te voltooi.

Van Coller (2006) noem dat daar 'n handvol tekste in Afrikaans is wat as opvolgwerke bestempel kan word deurdat hulle nie net aansluit by 'n vorige teks nie, maar inderwaarheid 'n bekende storie verder vertel. Hy verduidelik dat hierdie tekste aanleun teen die vorige teks in die sin dat kennis van die voorafgaande teks by die leser veronderstel word ten spyte van opsommende terugverwysings. Hy maak verder die stelling dat opvolgwerk altyd 'n risiko is, juis omdat daar bepaalde verwagtings ontstaan en vergelykings ook noodwendig aan die orde is.

Is weer Sagie sluit aan by hierdie Afrikaanse opvolgwerke, maar waar sommige opvolgwerke as afgewaterde vervolgomans bestempel word, verwerf *Is weer Sagie* volkome outonomie. Die voorafgaande teks, *Is Sagie*, kan grotendeels as novelle bestempel word wat 'n skamele 88 bladsye beslaan. Van Tonder slaag op suksesvolle wyse daarin om hierdie deerniswekkende storie van onskuld uit te brei tot 'n boeiende en onderhoudende roman van 191 bladsye.

Hierdie vervolg is juis geslaagd, omrede die ontginningsmoontlikhede van die voorafgaande storie met *Is weer Sagie* ten volle benut word. Daar is byvoorbeeld terugkerende newekarakters wat meer ontwikkeling ondergaan, soos Sagie se hardkoppige pa Barend, sowel as die huishulp Mieta en haar dogter Sofaia September wat as randfigure opgetree het, maar nou ontwikkel word tot volwaardige komplekse karakters, oftewel van plat na ronde karakters.

Alhoewel Van Tonder opsommende terugverwysings in *Is weer Sagie* gebruik om die leser deeglik ten opsigte van die voorafgaande teks te oriënteer, verarm die leser se leeservaring indien daar nie oor deeglike kennis van die voorafgaande teks beskik word nie en is dit sodoende moeiliker om te bespeur in watter mate Van Tonder hierdie voorafgaande teks doeltreffend ontwikkel het.

Die opsommende terugverwysings in *Is weer Sagie* word egter so aangewend dat dit nie hinderlik vir die leser is wat nie *Is Sagie* gelees het nie. *Is weer Sagie* kan as selfstandige teks staan.

Van Tonder se ontginning en uitbreiding van die voorafgaande storie plaas *Is weer Sagie* ook binne die Afrikaanse plaasromantradisie, met baie van die onderskeidende kenmerke van die tradisionele plaasroman wat in *Is weer Sagie* geïdentifiseer kan word. Ten spyte van die aansluiting by die plaasromantradisie lees die roman nie as doelbewuste poging om reeds bestaande literêre tradisies te bevestig, ondermyn of te vernuwe nie, maar is dit eerder Van Tonder se realistiese skryfstyl oor menslike, hartroerende stories wat die leser meesleur. Van Tonder is hier 'n meesterlike storieverteller.

Tematies sluit *Is weer Sagie* sterk aan by Van Tonder se *Roepman* deur die uitbeelding van kinderlike onskuld, hoop, vertrou, die mag van verbeelding, asook ontnugtering, met die uiteindelijke besef dat die lewe steeds aangaan, want "as mens iets verloor, moet jy

maar aanvaar wat gebeur het en vorentoe kyk en aangaan." (115–116)

Is weer Sagie is 'n goeie en lesenswaardige roman en 'n uitstekende bydrae tot Van Tonder se klein oeuvre wat sy talent as storieverteller bevestig. Die hoopvolle einde van die roman laat mens besef dat dit soms nodig is om jou oorspronklike drome vir tweedehandse drome in te ruil, want al kry jy nie altyd presies wat jy wou gehad het nie, vind jy dikwels wel dit wat jy nodig het.

Geraadpleegde bronne

Van Coller, H. P. "Marita van der Vyver (1958 –)." *Perspektief en Profiel. Deel III*. Red. H. P. Van Coller. Pretoria: Van Schaik, 2006. 481–506.

Frederick J. Botha

fbotha@uj.ac.za

Universiteit van Johannesburg

Johannesburg